S4

Evanix 100 mg / mℓ Inspuiting

VETERINÊRE MEDISYNE. SLEGS VIR DIEREGEBRUIK.

SKEDULESTATUS
S4

EIENDOMSNAAM EN DOSEERVORM
EVANIX 100 mg / mℓ (inspuiting)

SAMESTELLING
Elke 1,0 mℓ oplossing bevat:
Enrofloksasien 100 mg
Preserveermiddels:
Bensielalkohol 2 % *m/v*
n-Butielalkohol 3 % *m/v*

FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE
C 17.1.6 : Antibakteriële middels – Kinolone

FARMAKOLOGIESE WERKING
Enrofloksasien inhibeer die bakteriële ensiem DNA-girase, wat noodsaaklik is vir bakteriële replikasie, transkripsie en rekombinasie. *In-vitro* sensitiwiteit impliseer nie noodwendig *in-vivo* effektiwiteit nie.

INDIKASIES
EVANIX word aanbeveel vir die behandeling van respiratoriese siektes vanwee *Mannheimia haemolytica, Pasteurella multocida, Histophilus somni,* en *Mycoplasma* spp. in beeste.

KONTRA-INDIKASIES
Daar is geen bekende kontra-indikasies nie.

WAARSKUWINGS
Onttrekkingsperiode:
Eetbare weefsels: 14 dae
Melk: 3 dae
Die veiligheid van **EVANIX** in kalwers wat nog nie gespeen is nie, is nie bepaal nie.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
'n Enkeldosis van 7,5 mg / kg moet toegedien word.
Die volume moenie meer as 15 mℓ per inspuitplek wees nie.
Slegs vir onderhuidse inspuiting.

NEWE-EFFEKTE EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS
Kraakbeenletsels mag by kalwers voorkom.
Normale steriele voorsorgmaatreëls moet geneem word.
Spesiale voorsorgmaatreëls moet geneem word deur die persoon wat die produk aan diere toedien. **EVANIX** is 'n alkaliese oplossing. Enige oplossing wat op die vel of oë gespat het, moet onmiddellik met water afgewas word.
Moenie eet, drink of rook terwyl die produk gebruik word nie.

Spesiale voorsorgmaatreëls vir die wegdoening van ongebruikte produk of afvalmateriaal:
Leë houers en verpakkingsmateriaal moet versigtig saam met ander afval weggegooi word.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VIR DIE BEHANDELING DAARVAN
Lusteloosheid, spiertrillings, stadige loopgang, matige diarree en verhoogde CPK- en AST-aktiwiteit is waargeneem waar hoër dosisse herhaaldelik toegedien is. Behandeling is simptomaties en ondersteunend.

IDENTIFIKASIE
'n Helder, geel, waterige oplossing in 'n glasflessie. Wanneer dit onder gepaste sigbaarheidstoestande ondersoek word is dit vir praktiese doeleindes vry van enige vreemde deeltjies.

AANBIEDING
100 mℓ Bruinglas-flessie met 'n rubberprop en 'n skarlakenrooi afbreek-aluminiumkap.

BERGINGSAANWYSINGS
Berg by of onder 25 °C.
Beskerm teen lig.
Berg in die karton verpakking tot nodig vir gebruik.
Hou buite die bereik van kinders en oningeligte persone.
Gebruik of gooi die oplossing weg binne 28 dae nadat dit oopgemaak is.

REGISTRASIENOMMER
10/17.1.6/15

REGISTRASIEHOUER:
KYRON ANIMAL HEALTH (EDMS) BPK.
Eenheid 45A
45 Parkview Str
Highway Business Park
Rooihuiskraal Uitbr. 31,
Centurion, 0157,
Suid-Afrika.
Tel: 010 880 0778

KYRON

PUBLIKASIEDATUM VAN DIE VOUBILJET
09 Junie 2016